# Nuwe seisoen

## = nuwe geleenthede om landboumense af te neem

SA GRAAN/GRAIN REDAKSIE

Die ergste koue is verby en die wintergraanprodusente maak gereed om te oes, terwyl die somergraanprodusente se trekkers gereedstaan om weg te spring as die eerste lentereëns val. Dit is nou die ideale tyd om foto's van die mense in landbou te neem – druk besig op die lande.




Baie geluk aan Piet Lombard van Strand, wie se foto van Malcolm Williams, besig om voor-opkoms onkruiddoder te spuit, aan hom 'n eerste plek in die Julie-uitgawe besorg het. Hiermee steek hy R1 000 kontant, met komplimente van Sasol Nitro, in sy sak.




Amanda van Blerk van Clarens, se foto behaal 'n tweede plek. Binne die wolstoor staan Mmathabo Mahlango en haar helpers besig om wol te klas. Die foto is in Lesotho geneem by 'n wolstoor naby Katsedam. Kleinbokkiehaar is 'n groot inkomste vir die produsente van Lesotho.




In die derde plek is Ronel Sutherland van Hopetown se foto. Cathleen Tieties beduie dat die vrouens die beskadigde neute ook moet uithaal.






Aaron Moagaesi van Ganyesa se foto het aan hom 'n eerste plek besorg. "My brother, Gert Moagaesi of Lancewood farm, feeding his sheep and goats with yellow maize daily when they come back from grazing. This encourages them to return from the veld on time and promotes a good relationship with him." ■



# Die mens in landbou

## 6de *SA Graan*/Sasol Nitro fotokompetisie aangebied

Dreig jy al hoe lank om in te skryf vir die *SA Graan*/Sasol Nitro fotokompetisie? Nou ja, hier's jou kans: Amateurfotograwe kan weer in 2013 hulle foto's vir ons instuur en die kans staan om R32 000 in kontant los te kliek!

Vanjaar se tema is "**Die mens in landbou**" en dit bied 'n legio van opsies: Jy kan die kinders in die plaasdam afneem; Ma besig voor die koolstoof om konfyt te kook; Ousus wat 'n mielie met haar haasbek probeer eet; of ou Jafta wat die skape aanjaag kraal toe. Of wat van Pa wat op die plaashek leun en in die verte staar – op soek na 'n teken van reën? Of Boetman wat kaalvoet deur die modderpoele met sy draadtrekker jaag? Moet ook nie vergeet van die plaaswerkers wat besig is om te plant of te oes nie!

**Onthou net:** Dit is baie belangrik om die persoon/persone op die foto te identifiseer. Ons wil weet wie dit is wat jy afgeneem het.

### PRYSE

Sasol Nitro borg weer vanjaar die pryse en vanaf Januarie 2013 word daar vir twaalf uitgawes elke maand 'n wenner deur 'n paneel beoordelaars aangewys. Die **maandelikse wenner** stap weg met 'n **kontantprys van R1 000** en die twaalf finaliste kom in aanmerking vir **R10 000 (wenner)**, **R7 000 (naaswenner)** en 'n **derde prys van R3 000**.

**Sluitingsdatums:**
**September 2013: 4 September**
**Oktober 2013: 7 Oktober**

### KOMPETISIEREËLS

1. Inskrywings moet die tema "Die mens in landbou" uitbeeld.
2. Die fotograaf moet 'n fotobyskrif asook sy posadres en telefoonnommer/s saam met die foto verskaf.
3. **Persone op die foto moet geïdentifiseer word** (verskaf noemnaam en van). Indien dit 'n generiese foto is van byvoorbeeld 'n groep plaaswerkers wat die land skoffel, is identifikasie nie nodig nie.
4. Slegs amateurfotograwe (dit wil sê persone wat nie 'n bestaan maak uit foto's neem nie) mag vir die kompetisie inskryf.
5. Inskrywings is gratis.
6. Deelnemers kan 'n maksimum van drie foto's (waarvan die onderwerp verskil) per uitgawe inskryf. Indien meer as drie foto's ingestuur word, sal die eerste drie foto's wat ontvang is, vir die kompetisie in aanmerking geneem word.
7. Foto's wat ingeskryf word, moet uniek wees en nie oor dieselfde tema handel as foto's wat vir 'n ander fotokompetisie ingeskryf is nie. Foto's wat ingeskryf word, mag ook nie voorheen gepubliseer wees nie.
8. 'n Deelnemer wat 'n maandwenner is, kan nie vir die daaropvolgende drie uitgawes inskryf nie.
9. Fotograwe kan elke maand tot en met die afsnytyd hul foto's instuur. Inskrywings wat ná die afsnytyd ontvang word, sal vir die volgende maand se kompetisie ingeskryf word.
10. Slegs e-posinskrywings of foto's wat op CD verskaf word, sal aanvaar word. Die foto's moet in elektroniese formaat wees, nie groter as 3 MB elk nie, in JPG-formaat en nie kleiner as 10 cm x 15 cm nie. Indien foto's met 'n filmkamera geneem word, moet dit teen 'n resolusie van 300 dpi geskandeer word.
11. Foto's wat met selfone geneem is, sal nie aanvaar word nie.
12. Foto's mag nie digitaal gemanipuleer wees nie. Dit beteken dat 'n mens nie agterna aan die foto mag verander deur byvoorbeeld 'n lastige boom digitaal te verwyder, 'n mooi blom op die agtergrond by te voeg of elemente van die foto nader aan mekaar te skuif nie. 'n Fotograaf mag egter die foto sny (*crop*) om ongewenste dele aan die bo-, onder- of sykante weg te laat. Moenie aan die kontras stel nie.
13. 'n Paneel, wat bestaan uit 'n professionele fotograaf, 'n verteenwoordiger van *SA Graan/Grain* en Sasol Nitro, sal die foto's maandeliks beoordeel.
14. *SA Graan/Grain* behou die reg voor om foto's wat onduidelik is of nie aan die kompetisiereëls voldoen nie, af te keur.
15. Alle inskrywings word die eiendom van *SA Graan/Grain* – dit sluit die CD's in waarop die foto's verskaf is. Die foto's sal in 'n databank gebêre word en *SA Graan/Grain* en Sasol Nitro mag dit vir toekomstige promosie-, bemarkings- en publikasiedoeleindes gebruik. Deur in te skryf, stem die deelnemer in daartoe en geen eise van derde partye vir skending van kopiereg sal ingedien word nie.
16. Werknemers van Sasol Nitro, Graan SA of Infoworks mag nie vir die kompetisie inskryf nie.

**Stuur foto's na *elmien@infoworks.biz* of aan Elmien Bosch, Postnet Suite 32, Privaat sak X10, Flamwood, 2572.**